

## HOOFSTUK VI

### NATURELLE - ADMINISTRASIE

Die Trekkers was nie alleen verplig om te sorg vir goeie verhouding met die Naturelle-buurstate nie, maar was ook verplig om gaandeweg voorsiening te maak vir die administrasie van Naturelle-sake binne Blanke gebied. Ook in hierdie geval moes voorsiening gemaak word vir die Inboorlinge wat buite stamverband hulle tussen die Blankes gaan vestig het en vir die Inboorlinge wat in stamme georganiseer was.

Ook in hierdie geval het die Boere gebruik gemaak van kennis wat hulle in die Kaapkolonie en Natal opgedoen het. Waar dit die plig van die Administrasie was om sorg te dra vir publieke veiligheid, was dit natuurlik dat die behandeling van Naturelleaangeleenthede van die begin af opgedra was aan die Hoof-Kommandant en ondergeskikte offisiere. Hierdie organisasie het op trek goed aan sy doel beantwoord en tot die einde van die 19e eeu 'n populêre organisasie gebly, omdat die persone deur die volk gekies is, en as verteenwoordigers van die distrik waar hulle opgetree het, beskou is. Daarby het die Volksraad die instruksie vir die amptenare opgestel, en was hulle verplig om alle besluite van die Raad uit te voer.

-----

1. Sedert 5 Augustus 1840 het die Hoofbevelvoerder opgetree onder die naam: Kommandant-Generaal - R. 84/411, Pretorius aan Potgieter 28 Augustus 1841, N. II V.R.N. 4 Junie 1840 Art. 3.

Die Hoof-Kommandant, later bekend as die Kommandant-Generaal, het uit die aard van die saak uitgebreide invloed in die administrasie gehad. Sy gesag is in 1840 nog verder uitgebrei. Volgens die ooreenkoms wat op 16 Oktober 1840 gesluit is tussen die afgevaardigdes van die Natal Volksraad en die Volksraad van Potchefstroom, waardeur die "twee Maatschappijgeheel vernietig en in een gesmolten" worden is o.a. bepaal,

dat de Wel E. Heer A.W.J. Pretorius als hoof Bestierder over de geheele volk Planting in het Distrik van Natalia en de Wel E. Heer A.H. Potgieter bestierder van het distrik Potchefstroom

sou wees en hulle "Instruksie bij de Volksraad moet ontvang<sup>1</sup>." Potgieter was dus die aangewese hoof van die Staatsadministrasie.

Die organisasie het goed aangepas by die toestande soos die Trekkers dit onder die Inboorlinge gevind het. Die Inboorlinge was gewoon daaraan dat een persoon die belange van die stam verteenwoordig.

Toe Pretorius in 1848 ten noorde van die Vaalrivier gaan vestig, het die ou na-ywer tussen hom en Potgieter herleef. Om 'n einde te maak aan die verdeeldheid, het die Volksraad op 15 Januarie 1851 besluit om vier Kommandant-Generaals aan te stel, "in gelijken rang en ieder in zijn wijk - alle onder Gezag en Instruksie van den Volksraad.<sup>2</sup>" A.W. Pretorius sou Kommandant-Generaal vir Magaliesberg (Rustenburg), Mooirivier en 'n gedeelte van Mariko, A.H. Potgieter van Soutpansberg, W.F. Joubert te Lydenburg en J.A. Enslin te Mariko. Kort hierna is Enslin oorlede en sy plek is nie weer deur die Volksraad opgevul nie. Die Grondwet van 1858 het weer net vir een Komman-

- 
1. Soutter Versameling Pak. II, 2 - Ooreenkoms van 16 Desember 1840; N. II. V.R.N. 2 Februarie 1841, art. 4.
  2. Soutter Versameling Pak I, 4.

dant-Generaal voorsiening gemaak . Die Republiek Lydenburg het egter sy Kommandant-Generaal na die Vereniging met die Suid-Afrikaanse Republiek in April 1860 nog vir 'n tydtjie behou. Kommandant-Generaal J. van Dyk het hier vir enige jare nog op-getree, maar na hy afgetree het, is daar nie weer 'n Kommandant-Generaal aangestel nie. Op 7 Junie 1873 het die Volksraad besluit om die betrekking van Kommandant-Generaal in vrede<sup>1</sup>styd af te skaf. Toe met die volksvergadering op 11 Desember 1880 besluit is om die Republi-keine Regering te herstel, is P. Joubert as Kommandant-Generaal gekies en die be-<sup>2</sup>trekking het hy bekleed tot sy dood op 27 Maart 1900.

Die eerste besluit gevind waarin die Volksraad definitiewe instruksies in verband met Inboorlingsake aan die Kommandant-Generaal opgedra het, is die van 15 Mei 1846. Volgens die besluit moes die Kommandant-Generaal die Kapteins kennis<sup>3</sup> gee dat gewapende Inboorlinge nie meer mag rond loop nie. In September is met algemene vergadering wat te Ohrigstad gehou is. besluit:

Dat den Hoofkommandant ten alle tyde omtrend disputen en kwestien met de onliggende Inlandsche Stammen de vreedzaamste weg zal inslaan zodanige disputen en kwestien uit de weg te ruimen, doch daarin niet slagende en verraad bespeurende waar door de Publieke veiligheid of de veiligheid van hunzelve en zodanige perzonen als hij bij eenige expeditie bij hem mogte hebben bedreige word, zal den Hoofd Kommandant het recht hebben, dadelijk met zodanige present zijnde persoonen Krijgsraad te beleggen, en Zoodanige strenge middelen te beramen als de omstandigheden en de aard der zaak magte vereischen. 4.

Hierdie instruksie erken nie alleen die Hoof-Kommandant as die tussen-persoon tussen die Inboorlinge en die Trekkers nie, maar gee aan hom die reg om dadelik met die advies van die Krygsraad handelend op te tree.

- 
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849 - 1885, bls. 520.
  2. In 1884 het Joubert bedank maar in 1885 is hy weer herkies St. Court. Z.A.R. No. 197, 30 Oktober 1884, K.G. No. 299; E.V.R.N. 7 Augustus 1885, Art. 1222; U.R.B. 12 Augustus 1885, art. 270.
  3. Sien bespreking van passtelsel. E.V.R. I., V.R.N. 15 Mei 1846, art. 2.
  4. Scutter Versameling Pak I., 4.

Volgens die "Instuktionen voor de Kommandants Generaals onder gezag verandwoording van den Ed. Volksraad benoorden 26 graad," (1851) is die mag van die Kommandant-Generaals tot seker mate beperk.

Alle kaffer verregtingen in kwessien zullen aan den C.Gn. toe vertrouwend worden doch een ieder soo verre zijne afdeelingen sterkt, buiten krenencelen zaaken zullen naar het hof Landdrost en Heemraaden worden verwezen. 1.

Ook hier maak die Trekkers gebruik van 'n liggaam wat in die Kaapkolonie onder die Boere byval gevind het. Dit was 'n belangrike verandering om die regspraak oor te dra aan 'n min of meer onafhanklike hof.

Met die uitvoering van hulle pligte is die Kommandant-<sup>2</sup> Generaals bygestaan deur die Kommandante en Veldkornette wat elkeen met seggingskap sou hê oor die Kaffers wat in hulle wyke<sup>3</sup> sorteer het.

Daar die Veldkornette die persone was, wat die meeste in aanmerking met die Inboorlinge gekom het, is die administrasie van die besluite in verband met Inboorlinge meer en meer in hulle hande oorgegaan, en volgens die instruksies van 1858 aan Veldkornette is die administrasie van Inboorlingsake hoofsaaklik aan die amptenare opgedra. Hulle moes toesien, dat alle besluite van die Volksraad in verband met Inboorlinge<sup>4</sup> uitgevoer word. Hulle kon selfs geskille tussen die diensche-re en diensbodes v rhoor en strawwe toepas. Dit word nie definitief bepaal hie, maar die Veldkornette het blykbaar die reg gehad om oortredings van geringe aard te verhoor en skuldigdes te straf. Ernstige oortreders moes egter voor die Landdros gebring word.

Dit was vir die Boere nie moontlik om van die begin

- 
1. Soutter Versameling Pak. I, 14 - Art. 9 van Instruksie.
  2. Soutter Versameling Pak I, 4, - Instruksie van 1 Feb. 1851
  3. V.R.N. 22-23 September 1846, Art. 31; V.R.N. 23 Januarie 1850, Art. 34; Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 21; Krygsraad besluit, 20 Nov. 1852, Arts. 16, 17.
  4. Die bevoegdhede van die Veldkornette soos bepaal in die instruksie van 1858 word in verskillende hoofstukke besprek

- 119 -

af direkte kontrole oor die verskillende stamme uit te oefen nie. Hulle was pioniers, en tyd was nodig om 'n goed georganiseerde administrasie in die lewe te roep. Hulle het van die begin af gebruik gemaak van die bestaande Inboorlingorganisasies. Die verskillende Kapteins is toegelaat om hulle onderdane te regeer volgens hulle eie gebruike, en die Boere het hulle administrasie ongehinderd gelaat so lank hulle hulle rustig gedra het. Dit was feitlik net die klein Kafferkrake wat in die verskillende distrikte tussen die Blankes gevestig was, wat onder direkte kontrole van die Blankes geval het. In die meeste gevalle was hierdie Kaffers groepies wat nie meer aan een of ander stam behoort het nie. Dit wil nie sê nie dat elkeen in Inboorlingsake kon inmeng nie. So ver moontlik het die Boere administrasie probeer voorkom dat privaat persone in Inboorlinge-kwessies inmeng.<sup>1</sup>

'n Poging om direkte kontrole oor sommige Kaffers in noord-oostelike dele van die Transvaal uit te oefen, is aangewend toe die Volksraad op 7 Maart 1849 besluit het om Doris Buys aan te stel as

opperhoof over alle Kaffers en so verre onse lemieten gaat-eksep na de kant Zoutpansberg onbepaald.<sup>2</sup>

Dit was aan hom oorgelaat, om stamme onder hom te neem so ver as hy kans gesien het. Reeds in 1841 het Potgieter aan Pretorius geskryf dat "Buis van Zoutpansberg ..... tot groot nut op onze grenze met de zwarte natie zal zijn, terwijl hij all tale magtig is."<sup>3</sup> Die Trekkers het waarskynlik gemeen dat Buys hulle van groot diens kon wees, omdat hy so goed met die Kaffers in die dele bekend was.

In 1849 is daar klagtes by die Volksraad ingedien,

-----

1. Sien Instruksie aan Veldkornette 1858, Locale Wetten Z.A.R. bls. 96, Arts. 39, 40, bls. 98, Arts. 54, 56. Sien ook Proklamasie van 14 Desember 1874.
2. E.V.R.N. 7 Maart 1849.
3. R. 84/41.

dat Buys sonder vergoeding beeste en olifantstande van die Kaffers geneem het.<sup>1</sup> In 1850 is daar weer oor sy gedrag by die Volksraad gekla. Hy is beskuldig, dat hy die hele land in "rep en roer" bring,<sup>2</sup> 'n Portugese handelaar vermoor en Inboorlinge berowe het. Die Volksraad het hierop besluit om hom te ontslaan van sy "opperhoofskap" en hom as 'n gewone Kaptein oor die Kaffers wat gewillig was om onder hom te staan onder die Kommandant van Lydenburg te plaas.<sup>3</sup>

Dit lyk of van die Trekkers self van oordeel was, dat 'n meer direkte kontrole oor die Kaffers 'n goeie uitwerking sou hê. In 'n versoekskrif aan die Volksraad van 19 September 1849 bring die memoraliste onder die aandag van die Volksraad, dat die volgelinge van Mapog en Sekwatie brutaal begin word, en versoek hulle die Raad

om er in te voorzien dat hier een man aangestel word die over de kaffers gestel is waar de kaffers Hunne Beklagte kan vrij doen en ook wij, om rust en goede order te Bewaaren zoo aan de een als aan de andere zijde. 4.

Of die Volksraad teen die aanstelling van so 'n amptenaar beswaar gemaak het en of hulle die bestaande organisasie as voldoende beskou het, is nie bekend nie. Die Volksraad het ongelukkig nie aan die versoek voldeën nie. As die Volksraad 'n geskikte persoon vir die betrekking aangestel het, sou dit sekerlik 'n gunstige invloed op die verhouding tussen die Blankes en Inboorlinge gehad het. Die noodsaaklikheid vir hierdie soort van amptenaar is meer en meer gevoel toe die stamme wat met die aankoms van die Blankes verswak was, sterker geword het en 'n vyandige houding begin aanneem het.

Eers in 1859 is 'n begin gemaak met die aanstelling van amptenare wat hulle uitsluitlik besig hou met Inboorlingsake,

- 
1. R. 119/47 en R. 119a/47.
  2. E.V.R. 105, V.R. 114/50: E.V.R. IV, V.R.N. Mei 1850.
  3. Soutter Versameling Pak I, II, V.R.N. Mei 1850 Art. 35
  4. E.V.R. 104, V.R. 80/49.

toe die Uitvoerende Raad op 25 Mei besluit het om die Kaalkaffers van die Spelonke onder die toesig te plaas van Albasini, wat "een noukeurige oog" oor hulle moes hou "en telkens wanneer hij zulke noodig oordeelen ondersoek te doen naar het aantal, de verrigtingen en de meening dier Kaffers." Van die sake moes hy elke twee maande aan die Kommandant-Generaal rapporteer. <sup>1</sup> Op 9 Augustus het Albasini instruksie ontvang, <sup>2</sup> en van 1864 tree hy op as Superintendent van Naturelle van Soutpansberg distrik. Die instruksies van Albasini is nie gevind nie. Die Volksraad het dit goed gekeur, maar dit word nie aangegee nie.

Uit later onderhandelinge blyk dit, dat hy beskou was as 'n verteenwoordiger van die Regering by die Inboorlinge. Hy moes die wense van die Regering aan die Kepteins bekend maak, en help met die invordering van die belastings. Hy het ook regsprekende mag gehad. Hoe ver sy bevoegdheid in die opsig gestrek het, is moeilik om te bepaal. Op 14 Oktober 1864 skryf hy in verband met diesaak aan die Regering: Daar het dikwels sake voor hom gekom wat volgens die Kafferwet behandel moes word; daarom stel hy voor om 'n "blok" te hou waarin misdadigers ingesluit kon word. Verder moes aan hom toegelaat word om die oortreders vir publieke doeleindes te gebruik. (Hulle moes die publieke wee verbeter en kon in Schoemansdal ook gebruik word om verbeteringe aan te bring.) <sup>3</sup> Hy het blykbaar dieselfde bevoegdhede wat 'n Veldkornet in vredestryd uitgeoefen het, in verband met Inboorling gehad, maar moes gereeld <sup>4</sup> daarvan verslag doen aan die Uitvoerende Raad.

In 1864 is daar nog twee Superintendent van Kafferstamme vir die Soutpansberdistrik aangestel, nl. A.P. Duvenage

- 
1. U.R. I., U.R.B. 26 Mei, 1859, Art. 5.
  2. R. 228/63 en R. 899/64.
  3. R. 899/64. Die U.R. het die saak bespreek, maar het die saak uitgestel om dit nie weer behandel nie.
  4. U.R. II. U.R.B. 25 Mei 1866, Art. 41; R. 677/66 - Verslag van Albasini, 9 Julie 1866.

en J. Vercueil. Hulle was ook belas met die uitvoering van alle besluite in verband met Inboorlingsake en moes gereeld by die Uitvoerende Raad verslag doen.<sup>1</sup> In Junie van dieselfde jaar in J. M. de Beer aangestel as "Diplomatieken Agent"<sup>2</sup> van die Kafferstamme in Lydenburg. Daar die Uitvoerende Raad berig ontvang het dat Sekoekoenie ontevrede was met die aanstelling van de Beer, is aan laasgenoemde opgedra om hom met die Kaptein nie te bemoei nie.<sup>3</sup>

Die aanstelling van die Superintendent van Kafferstamme was 'n poging van die Regering om meer direk toesig oor die Inboorlingstamme te hou. Die Superintendent is aangestel om toesig te hou oor die groot Kafferstamme wat in die nabyheid van die Blankes gewoon het en gewoonlik die meeste moeilikhede veroorsaak het. Dit was egter 'n stap in die regte rigting. Die Kommandante, Veldkornette en Landdroste het hulle hande vol gehad en kon nie die nodige aandag gee aan die ontwikkeling van sake in die digbewoonde Kafferstreke nie. Die persoonlike invloed van 'n amptenaar wat die Inboorlinge verstaan het, was altyd gunstig. Die paar Superintendent het ook verdienstelike werk gedoen. Hulle kon hulle volle aandag aan die Inboorlingsake gee, en het baie geskille en ontevredenheid onder die Kaffers op 'n vreedsame wyse geskik. Die paar amptenare kon egter nie hulle werkzaamhede onder so 'n groot aantal Kaffers uitvoer nie. Toe die Kafferstamme in 1866 in die noord-oostelike dele van die Suid-Afrikaanse Republiek opstandig word, was hulle posisie onuithoubaar. Vroeg in 1866 het Duvenage vir sy ontslag gevra en op 9 Julie 1866 het Albasini ook aan die Uitvoerende Raad geskryf vir sy ontslag.

- 
1. R. 205/68; U.R. II., U.R.B. 20 Junie 1866, Art. 4; Verslag van A.P. Duvenage, 19 Februarie 1868, e.v.; R. 273/66, verslag van J. Vercueil, 28 Februarie 1866.
  2. St. Court. Z.A.R. No. 57, bls. 1, 12 Julie 1864.
  3. U.R. I, 23 September 1864, Art. 45.
  4. U.R. II, U.R.B. 20 Junie 1866, Art. 4.



terwyl den toestand van dit District mij niet langer toelaat de dienste mij opgedragen tot satisfactie voor mijzelven of het land te kunnen verrigten, mijn leven en eigendommen ieder oogenblik in het grootste gevaar staat, het niet blijkt dat mij enige hulp, ter redding van het district uit de voorste Districten te wagten kunnen zijn. 1.

Dieselfde jaar het de Beer ook aansoek<sup>gedoen</sup>/vir sy ontslag.<sup>2</sup> Aan die versoek van de Beer het die Uitvoerendē Raad voldoen, maar Albasini en Duvenage wou die Raad nie uit hulle dienste ontslaan nie, omdat die Kaffers so opstandig was en die Raad besef het, dat die twee persone wat goed bekend was met die Kaffers en die toestande in Soutpansberg, baie kon bydra om die opstandiges in toom te hou.<sup>3</sup>

Hierdie moeilikhede was grotendeels 'n gevolg van die feit dat die magte en bevoegdhede van die verskillende amptenare wat met Inboorlingsake te doen gehad het was nie duidelik bepaal nie

In die begin van die sestiger jare het geskille wat daar tussen amptenare van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Soutpansberg bestaan het, baie moeilikhede in die Distrik veroorsaak. Hier was die moeilikhede begin deur Monene en Moesila, wat in die begin van 1861 gevlug het uit die nabyheid van Delegoebaai van die stam van Manoekosie. Met hulle rondswerwery het hulle by Majatjie<sup>4</sup> aangekom en toe hulle ditdaar nie kon uithou nie, is deur Albasini vir hulle 'n ander woonplek<sup>5</sup> aangewys.

Moesila is in 1861 weer terug na sy stam en met die hulp van die Portugese Regering tot heerser van Gazaland aangestel. Onder voorwendsel, dat Monene vir Manoekosie berowe

- 
1. R. 677/66, brief van Albasini, 9 Julie 1866.
  2. St. Court. Z.A.R. No. 170, 9 Oktober 1866, K.G. No. 138.
  3. U.R. II, U.R.B. 20 Junie 1866, Art. 4
  4. 'n Meid-Kaptein wat in die noord-oostelike dele van die Suid-Afrikaanse Republiek gevestig was.
  5. St. Court. Z.A.R. No. 228, 4 Desember 1867.

1  
het, het Moesila vir Albasini gevra (begin 1864) om Monene aan hom uit te lewer of ter dood te veroordeel. Omdat Monene maar 'n lastige onderdaan was, wou Albasini, as Superintendent van Kafferstamme, graag aan die versoek voldoen. Monene het lout geruik en gevlug en die hulp van Fredrik Geyser ingeroep, wat aan hom 'n verblyfplek aangewys het.

Toe Geyser op aanklaag van Monene dat Albasini hom wou dood maak, laasgenoemde dagvaar om voor die Landdroshof te verskyn, het hy gemeen dat hy nie verantwoording aan die Kommandant verskuldig was nie en geweier om te verskyn en so het die saak tydelik onbeslis gebly. Met sy besoek, enige maande na die voorval, het President Pretorius vir Monene 'n woonplek in die nabyheid van Schoemansdal aangewys en, om verder botsing te voorkom, hom onder jurisdiksie van Landdros J. Verduel geplaas.

Albasini het die handelwyse as 'n inbreuk op sy gesag<sup>2</sup> beskou. Hy het gou 'n ernstige aanklag teen Monene gekry en om verder nadelig uitwerking op die dele te voorkom, het die Uitvoerende Raad besluit om Monene tevang en na Moesila (Oemsila) te stuur in September 1867.<sup>3</sup> Albasini het opdrag ontvang om die instruksie uit te voer maar deur die nalatigheid van die Landdros Verduel en die Veldkornet van Rensburg het Monene<sup>4</sup> ontsnap. Aanvalle is hierop op verskillende van die Kapteintjies in die distrik gemaak, omdat hulle beskou was as beskermers van Monene. Algemene verwarring het hierop in die distrik gevolg, en dit twis tussen die verskillende amptenare het

-----

1. R. 290/65.
2. R. 899/65.
3. V.R.N. September 1867, Art. 166.
4. R. 528/65.

die toestande nog verder vermoelik. Albasini het Vercuiel  
beskuldig van roof en onwettige aanvalle op Kaffers en laasge-  
noemde het dieselfde klagte teen Albasini ingebring.<sup>1</sup> Ook die  
Veldkornette du Plessis en Schoeman is beskuldig dat hulle  
misbruik van hulle mag gemaak het, en deur patrollies op vreed-  
same Kaffers te maak, aanleiding gegee het tot die vyandige  
houding wat die Inboorlinge in die distrik teenoor die Blankes  
aangeneem het.<sup>2</sup> Drie verskillende regerings-kommissies is  
aangestel om die sake daar te ondersoek. Definitiewe beskul-  
diginge is nie deur die Kommissies teen die amptenare opgestel  
nie. Volgens die bevindings van die Kommissies was daar van  
die amptenare wat hulle plig versuim het en misbruik gemaak  
het van hulle posisie en so ontevredenheid onder die Kaffers  
veroorzaak het.<sup>3</sup> Die twis tussen die amptenare was egter nie  
die enigste oorsaak vir die opstandigheid van die Kaffer nie.  
Baie van die Kaffers was voorsien van vuurwapens, en die  
plundertogte van die Inboorlinge het so toegeneem dat die Blanke  
Inwoners van die distrik verplig was om in laers te trek.<sup>4</sup>

Die moeilikhede met die Kapteintjie Monem en die geskille  
wat daar tussen Albasini en Kommandant Geyser ontstaan het  
was die begin van die moeilikhede wat tot die ontslag van  
Albasini in 1868 gelei het. Hy is beskuldig dat hy die oorsaak  
van die onluste was, en op 13 April is aan hom kennis gegee  
om hom nie met Inboorlingsake verder te bemoei nie.<sup>5</sup>

Die ontslag van Albasini is tereg sterk afgekeur deur  
Vercuiel.<sup>6</sup> Hy het verklaar, dat die hele distrik "aan ver-  
woesting zal overgegeven worden," as Albasini vertrek.<sup>7</sup>

- 
1. V.R. N. September 1867, Art. 166; R. 528/65.
  2. St. Court. Z.A.R. No. 228, 4 Desember 1867.
  3. In 1867 het 'n hof van drie Landdroste die beskuldiging  
ondersoek. Komdt. Venter en Veldk. du Plessis is beboet.
  4. R. 528/65.
  5. V.R.N. September 1867, Art. 166.
  6. Die Superintendent van Kafferstamme.
  7. R. 749/68 - Brief van Vercueil, 27 Mei 1868.

- 126 -

Daar is wel klagtes teen hom deur die inwoners van Soutpansberg  
ingebring,<sup>1</sup> maar dit was die gevolg van opstokery van ander  
amptenare.<sup>2</sup> Selfs na hy afgedank is,<sup>3</sup> het verskillende Kapteins  
hom nog genader en sy gesag erken.

Op 7 April 1868 het die Uitvoerende Raad besluit om Schoeman met die Kommando na die noorde uit te laat trek om sake met die opstandige kapteins te skik. Op 13 April het hy instruksies ontvang onder die titel van Diplomatieke Agent. Hierin is aan hom opgedra om die sake in die noorde te ondersoek, en die nodige maatreëls te tref om vrede te herstel. Die knopneuse wat onder Albasini gestaan het, sou "onder het beheer van de heer Schoeman," staan maar net "voor zoo lang de Commandoes duren."<sup>4</sup> Die Uitvoerende Raad het versuim om voorsorg te maak vir die administrasie van die Kaffersake na die Kommando ontbind is en nie 'n amptenaar aangestel om die belangrikste betrekking wat Albasini waargeneem het, te beklee nie.

Eers in 1876 is weer besluit om amptenare aan te stel wat hulle besig sou hou met Inboorlingsake.

Wet No. 3 van 1876 het bepaal, dat "de localiteiten der grootere kafferstammen zullen door de Regering, zooals voor hun bestaanbaar zal zijn worden aangewezen en bepaald." en het verder voorsiening gemaak vir die Naturelle Administrasie. Oor elkeen van die lokasies sou deur die Regering aangestel word "de door hen erkende of gekozene kapitein, onder behoorlijke instructien, met een billijk salaris." Die Suid-Afrikaanse Republiek erken dus weer wettiglik die Inboorling-

- 
1. R. 790/68 - R. 764/68 brief van S. Schoeman.
  2. R. 607/68 en R. 759/68.
  3. R. 759/68.
  4. S.S. 55, Instruksie aan Schoeman, 13 April 1868.

organisasies, en was van plan om die Kaptein in die toekoms as 'n amptenaar van die Republiek te behandel. Hy moes 'n billike salaris ontvang, nie alleen om hom sy verantwoordelikeid beter te laat voel nie, maar ook omdat hy deur die Regering verantwoordelik gehou sou word vir die invordering van die belasting. Die pligte van die Kaptein is in die opsig nie verander nie. Die Kapteins was reeds voorheen aangewys as die verantwoordelike persone vir die insameling van die belasting<sup>1</sup>. Die belangrikste verandering wat nou aangebring is, is die bepaling dat die Kaptein 'n vaste salaris sou ontvang. Dit sou die Kaptein onafhanklik maak van die gewone inkomste volgens Inboorling gebruik, en hom aanmoedig om te sorg vir die gereelde insameling van die belasting<sup>2</sup>. Die samewerking van die Kapteins was noodsaaklik.

Die opvolging van Kapteins volgens erfreg is nie meer erken nie, en Kapteins wat nie die instruksies wat aan hulle opgedra word, uitvoer nie, sou beboet of ontslaan word.<sup>3</sup>

Die regsprekende bevoegdheid van die Kapteins is erken, maar aan die ander kant het die Suid-Afrikaanse Republiek gesorg, dat die Kapteins leiding kry deur voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n amptenaar, die Onder-Kommissaris, bekleed met de magt van Vrederegter, om den kaptein behulpzaam te zijn in het vereffen van geschillen en het uitvoeren van wetten, alsmede de invordering van belastingen en het houden van behoorlijke boeken overeenkomstig instructien.

- 
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 662, Art. 1 en 2
  2. Die Nat. Wet van 1866 het bepaal (St. Court. Z.A.R. No. 159 24 Julie 1866, F.G. No. 76 Art. 16): voor.....welke prompte betaling de opperhoofden of ander bestuurders van de kralen, aan wien zulke kaffers of kleurlingen behooren door dit Gouvernement verantwoordelijk zullen gehouden word." In 1870 is 'n boete van £10 gelê op elke Kaptein wat versuim om die belasting in te samel. (Locale Wetten Z.A.R. 1849 - 1885, bls. 381, Art. 16).
  3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885 bls. 668, Art. 27.

1  
van de Regering.

Volgens hierdie besluit blyk dit, dat die Suid-Afrikaanse Republiek tog Inboorlingwette tot sekere mate moes erken het. Die feit dat 'n Blanke amptenaar die Kaptein van advies sou bedien, toon aan, dat die Suid-Afrikaanse Republiek tog van plan was om die Inboorling langsamerhand op te voed vir beskaafde wette. Om dit te kan doen moes die amptenaar met die Kaptein op vriendskaplike voet verkeer, "en hem of hem door raad onderrichting en voorbeeld te winnen voor baschaving en trouw aan den Staat." Die ampseed van die amptenaar het bepaal:

ik zweer dat ik mij met hart en ziel zal wijden aan de bevordering van hetwelzijn der Naturellen, dat het mijn streven zal zijn de Naturellen te winnen voor de waarachtige beschaving ..4.

Wet No. 3 van 1876 het verder nog in de verband bepaal:

Om beschaving en nijverheid onder de kleurlingen aan te moedigen, wordt het aan de Regering overgelaten om, op locatien alwaar nijverheid bevorderd wordt en ambachten geleerd door kleurlingen eene toelage toe te kennen aan zoodanige ondernemingen niet te bovengaande tien percent van de opbrengst van zulk eene locatie, welke gelden onder toesigt van de Regering aan de meest gevorderde leerlingen ter aanmoediging zullen worden toegekend.

Die onder-Kommissarisse sou aangestel word vir twee jaar. hulle moes bedrewe wees in die Kaffertaal, en sou in die

- 
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 663, Art. 3.
  2. Vgl. Dr. Brooks: Hist. of Nat.Pol., bls. 122: "One of the defects of the early Republican system was the failure to recognise Native (Civil) Law in the Courts .. As the general policy of the Republic was to make the Native amenable to European control, it would have seemed a consistend step to encourage the Natives to bring their case for adjudication to the Landdrost rather than the Chief. This however, was not done."
  3. St. Court. Z.A.R. No. 650, 13 Sept. 1876, K.G.No. 263 Instruksie vir OnderKommissarisse, Art. 6.
  4. St. Court. Z.A.R. No. 650, 13 Sept. 1876, K.G.No. 263. Instruksie vir Onder-Kommissarisse, Art.7. Art. 8 van die instruksie het o.a. bepaal: Bij zijne regtspraak geeft hij voor zoover de wetten der Republiek dit gedogen acht op de costumen der naturellen." Verder is daar niks bepaal in verband met die toepassing van beskaafde wette nie. As ons verder in aanmerking neem dat die aflegging van 'n eed as iets heilig beskou was deur die Boere, dan kan ons nie met Professor Macmillan saamstem nie waar hy verklaar: "yet they (die Trekkers) also set and confirmed the disastrous fashion of ignoring the very existence of the Native Population, and of looking at South African problems with eyes exclusively for European interests." (Macmillan: Bantu, Boer and Briton, bls. 317)

lokasies optree as "Bestuurder en Rechter." In siviele sake tussen die Inboorlinge sou hulle dieselfde resmag beklee, as die Landdros, terwyl kriminele sake hulle beperk was.

"als Chef der politie tot de politie zaken en kleinere criminele zaaken zoals die welke door den Landdrost worden beslist." Hy moes sorg, dat in "elke localiteit politiedienaren" aangestel word, en sien, dat die paswette van die Republiek uitgevoer word. Van al sy verrigtinge moes hy aan die "Superintendent van Naturelle"<sup>1</sup> kennis gee.

Die Suid-Afrikaanse Republiek het met die nuwe organisasie gebruik gemaak van Inboorling organisasies, maar het die Kapteins nou onder meer direkte toesig geplaas. Die Onder-Kommissaris sou optree in die min of meer bepaalde lokasies. Omdat die lokasies nog nie definitief afgebaken was nie het die Volksraad op voorstel van die President op 26 September 1876 besluit om Naturelle Kommissaris aan te stel, vir die distrikte waar Baie Inboorlinge gevestig was, en so beter voorsiening te maak vir die administrasie van Inboorlingsake.<sup>2</sup> Hierdie Naturelle-Kommissaris het dieselfde funksie uitgeoefen as die Superintendent van Kafferstamme wat in die sestiger jare aangestel is. Die eerste drie Naturelle Kommissaris was: Oscar Dahl vir die distrik Soutpansberg, W. King vir Waterberg en C. Schultze vir die distrik Lydenburg.<sup>3</sup>

'n Swak punt in die administrasie van die Suid-Afrikaanse Republiek voor 1877 was die feit dat die bevoegdhede van die Landdros en die Veldkornet in verband met die Inboorlingsake nie definitief geskei is nie. Die "Kaffer-wet" van 1866, wat

- 
1. Dit is nie duidelik watter amptenaar hier bedoel word nie. Dit kan wees dat bedoel is die Supt. van Kafferstamme, of 'n Supt. van Naturelle wat nog aangestel moes word.
  2. V.R.N. 26 September 1876, Art. 45.
  3. St. Court. Z .A.R. No. 655, 13 Oktober, 1876.

- 130 -

ook opgestel is "ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen, ens." het die Veldkornet, Assistent Veldkornet, en Landdros aangewys as die persone wat verantwoordelik sou wees vir die uitvoering van die besluite in verband met Inboorlingsake. Die Veldkornet was blykbaar in die eerste plek verantwoordelik gehou, maar was ondergeskik aan die Landdros. So is onder ander bepaal:

Doch zoo de overtreding boven de regtsmag van den Veldkornet blykt te zyn, zal zoodanige Kaffer of kleurling naar den Landdros opgezonden werden, om volgens de wetten der staat te worden behandeld. 1.

Vir die amptenare was dit ten minste nie duidelik, hoe ver hulle bevoegdhele gestrek het nie. So skryf die Landdros van Preotira, C. Moll, op 25 "anuarie 1867 aan die Uitvoerende Raad:

Naar mijn inzien staan volgens de wetten des lands in ieder district de Kaffers direct onder het bestuur van den Landdros en heeft de Veldkornet geene andere bemoeienis, dan alleen rust en vrede onder de Kaffers te bewaren, maar bij zaken van meer gewicht heeft hij geene magt sich daarin te mengen, tenzij hij daartoe door den Landdros gelaat wordt. 2.

Hy was van mening dat die Veldkornet van die Pretoria distrik en die van Heidelberg nie met "het beheer en bestier" van

die naburig Kaffers belas was nie.

Die Uitvoerende Raad het hierop besluit om die Landdros kennis te gee, "dat volgens die Kafferwet het beheer der Kaffers aan de Veldkornet behoort." Hiermee het die Uitvoerende Raad nie bedoel nie om 'n verandering in die "Kafferwet" aan te bring nie. Volgens die besluit moes die wet as volg verklaar word; Die Veldkornet was in die eerste plek verantwoordelik gehou vir die administrasie van Inboorlingsake en die Landdros moes hom help veral met beslissings van 'n ernstige aard.

- 
1. St. Court.Z.A.R. No. 159, 24 Julie 1866
  2. R. 100/'67.
  3. U.R.B. 25 Januarie 1867, Art. 31



Die besluit van die Uitvoerende Raad het die bestaande verwarring nie opgelos nie. In 1870 het die Blanke in-woners van verskillende distrikte onder die aandag van die Uitvoerende Raad gebring, dat verskillende verklaringe aan die "Kaffer-Wet" gegee word en dit die administrasie van Naturellesake belemmer het.<sup>1</sup> Die Naturelle-Sake Kommissie van September 1871 het ook verklaar dat die wet tweeledig uitgelê kon word, en dat dit een van die belangrikste oorsake vir die ongehoorsaamheid onder die Inboorlinge was.<sup>2</sup> Die Kapteins het ook gekla, dat hulle nie geweet het aan wie hulle verantwoording verskuldig was nie. Kommandante, Veldkornette en Landdroste het dikwels teenstrydig instruksies aan hulle gegee. Volgens die bevindings van die Kommissie, het die Inboorlinge in die algemeen die Kommandant-Generaal as die hoogste gesag beskou. Om meer tevreëtheid te gee het die Kommissie aanbeveel, dat die Kapteins toegelaat sou word om by die Landdros te gaan kla, as hulle ontevrede was oor die behandeling van die Veldkornette, en dat die boetes wat deur die Veldkornette opgelê was, deur die Landdroste goedgekeur moes word.<sup>3</sup>

Verskeie lede van die Volksraad was van mening dat hervorming in die administrasie noodsaaklik was, omdat "het bestier soos het nu is nadelig gewerk heeft."<sup>4</sup> Gevolglik het die Volksraad op 29 November 1871 besluit:5

dat die "affers in vreedstijd zullen staan onder het burgerlijke bestuur van Landdrosten of Resident Vrederegters en Veldkornetten behoudens de bepalingen welke gemaakt moeten worden voor Kaffers wonende waar geene ambtenaren gevestigd zijn, waarvoor nadere bepalingen zullen worden gemaakt.

Die beknopte onvolledige besluit kon nie die moeilikhede

- 
1. E.V.R. 112, No. 275; E.V.R. 112, No. 264, E.V.R. 112, Nos. 332, 265 en 259.
  2. E.V.R. 114 - Rapport van die Kommissie Nov. 1871.
  3. Dieselfde.
  4. V.R.N. 29 November 1871, Art. 599
  5. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 452.

wat daar bestaan het, as gevolg van die feit dat die bevoeghede van die amptenare nie definitief bepaal was nie, uit die weg ruimnie. Klagtes is weer in verband met die saak by die Volksraad ingedien.<sup>1</sup> Gevolglik het die Volksraad op 8 Februarie 1872 besluit om die besluit van 1871 te herroep. Die saak sou met die volgende sitting afgehandel word.<sup>2</sup> Die volgende jaar is dit weer uitgestel en eers in 1876 is besluit om 'n verandering in die administrasie te bring. Ook die nuwe bepalinge het nie definitief tussen die bevoegdhede van die Landdros en Veldkornette in verband met Naturelle-Sake onderskei nie.<sup>3</sup> Kommissarisse en Onder-Kommissarisse sou optree in die streke wat net deur Inboorlinge bewoon was en sou uitsluitelik hulle besig hou met Inboorlingsake, maar die Veldkornette en Landdroste sou in die verskillende distrikte toesig hou oor die Blankes en Inboorlinge.<sup>4</sup>

Op 7 Maart 1877 het die Volksraad besluit om die grondwet so te wysig, dat die algemene administrasie van die land in gedeeltes wou word in ses afsonderlike departemente met elke 'n "Secretaris van Staat" aan die hoof. Een van die Departemente sou 'n Department vir Inboorlingsake wees.<sup>5</sup> Voordat die reorganisasie kon plaas vind is die Transvaal op 12 April 1877 deur Shepstone geannekseer. In dieselfde jaar is 'n Departement vir Naturelle-Sake in die lewe geroep, met 'n Sekretaris van Naturelle-Sake aan die hoof.<sup>6</sup> In die opsig het die Britse Administrasie na net uitgevoer, wat die Suid-Afrikaanse Republiek reeds besluit het om te doen.

- 
1. R. 972/71
  2. V.R.N. 29 November 1871, Art. 402.
  3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 666.
  4. Dieselfde.
  5. Dieselfde, bls. 681, Art. 9, 10.
  6. Tvl. Gvt. Gazette, No. 19, 18 Aug. 1877, K.G.No.99.
  7. Vgl. Dr. Brooks: Hist. of Nat. Pol., bls. 124: One of the first acts of the British Government in 1877 was to set up a special Department of Native-Affairs - an entirely admirable departure and one to the credit of the new administration.